

As God padgee bly daar net chaos oor

Kleinmond: 8 Mei 2005

Ds. HP Prinsloo (em. Bellville)

Hermanus: 8 Oktober 2006

Lees: Matt. 23:13 - 42 :2

Teks: Matt. 23:38

Sing: Skb. 2.2:1,3 ( 34:1,3); 9.1:11( 26:11); 7.1:1,3 ( 31:1,3);

2.4: 1,3 ( 33:1,3)

Broeders en susters, dit moet 'n onbeskryflike katastrofe tot gevolg hê as die Here sou besluit Hy onttrek Hom aan ons land of aan ons kerk, of uit die lewe van 'n persoon. Eintlik is dit vir ons onmoontlik om te besef wat die gevolge hiervan sal wees.

Die Jode destyds het dan ook nie besef watter verskriklike ellende op hulle gewag het toe Jesus daardie Dinsdag vir hulle in die tempel gesê het:

" Kyk, nou word julle stad as 'n puinhoop vir julle gelaat."

Entlik staan daar in die Griekse teks:

" Kyk, julle huis word vir julle gelaat".

Net dit. Nie vir My nie, maar vir julle. Wat My betref, Ek gee pad. Ek loop.

"Julle huis word vir julle gelaat."

Met hierdie skokkende verklaring van Jesus sê Hy eintlik :

"As God eers die dag padgee uit jou lewe, of uit jou kerk of uit jou land, dan wag daar onbeskryflike ellende."

Maar is soiets moontlik? Wel, dit kan gebeur. Trouens, dit hét gebeur toe Jesus vir die Jode gesê het:

"Kyk, julle huis word vir julle gelaat."

Direk hierna het Hy uit die tempel gestap om nooit weer daarheen terug te keer nie. Daardie Dinsdag was die laaste dag wat Hy in die tempel was.

1. Kom ons kyk eerstens na die oorsake waarom Jesus uitgestap het. Ons moet nie dink dat Hy gefrustreerd was toe Hy herhaaldelik gesê het:"  
" Ellende wag vir julle skrifgeleerdes, fariseërs, huigelaars," nie.

Inteendeel, toe Hy tot hierdie uiterste daad oorgegaan het, was dit met groot hartseer. Want luister wat sê Hy:  
" Jerusalem, Jerusalem. Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar maak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaar maak, maar julle wou nie."

Vir eeue is die Woord verkondig. Daar is gesoebat, vermaan, gedreig. Maar julle wou nie luister nie.

Dit was dus met groot droefheid wat die Here daardie dag vir die Jode gesê het:

" Kyk julle huis word vir julle leeg gelaat."

Hy was oneindig geduldig met sy volk. Hy het Hom vir eeue in besonder met hulle bemoei.

Broeders en susters. Daar is geen volk op aarde wat so 'n uitsonderlike geskiedenis soos die volk Israel het nie. Feitlik die hele Ou Testament handel oor die besondere volk.

Die Here het hulle liefgehad. En die hoogtepunt van sy liefde was toe Hy sy eie Seun na hulle toe gestuur het. Maar, soos dit in Johannes 1:11 staan, het sy eie mense Hom nie aangeneem toe Hy na sy eiendom gekom het nie.

Hulle het die Here se liefde vir hulle verwerp. En daarom was dit vir Jesus 'n groot hartseer toe Hy vir hulle gesê het:

" Kyk, julle huis word vir julle gelaat."

Ek gee pad!

Ag, kan 'n mens ooit besef hoe Jesus daardie Dinsdagmiddag gevoel het. Onthou, Hy was ook mens soos ons. Hy het ook pyn en hartseer geken.

Benewens die feit dat Hy van sy goddelike heerlijkheid afstand gedoen het om as slaaf na hierdie vyandige wêreld te kom, en ten spyte van sy onvermoeide ywer die afgelope 3 jaar onder die Jode, het hulle vyandigheid teenoor Hom net vererger.

En toe, daardie Dinsdag ! Dit moes vir Jesus 'n baie vermoeiende dag gewees het. Dit was 'n dag van groot stryd tussen Hom en die Joodse leiers.

Die vorige dag, die Maandag, het Hy hulle hard geslaan toe Hy 'n einde gemaak het aan hulle skelm winsbejag en hulle uit die tempel uitgedryf het. Hulle het mos die armes beroof deur hulleself te verryk. Ook het hulle aansien en reputasie 'n groot knou gekry.

Dit het hulle net nog meer verbitterd gemaak. Daarom het hulle Hom vroeg die Dinsdagmore ingewag. Hulle het 'n hele aantal vrae gereed gehad om 'n klag teen Hom te probeer kry.

Daar was 'n hele aantal vrae:eerstens was daar die priesterhoofde en familiehoofde se vraag:

" Op wie se gesag het U hierdie dinge ( tempelreiniging) gedoen?"

Toe die Herodiane:

" Moet aan die keiser belasting betaal word?"

Daarna was dit die Sadduseërs met die vraag oor die opstanding uit die dood.

En toe die fariseërs met die vraag oor die grootste gebod.

Met hierdie vrae wou hulle vir Jesus 'n strik stel want dit was nogal fyn uitgewerkte vrae. Maar Jesus het geweet wat hulle bese doel was. Sy antwoorde het hulle bedroë daarvan laat afkom. Dit het hulle aansien onder die volk nog verder laat daal.

Intussen het Jesus geen geleentheid verby laat gaan om hulle vir outlaas tot besinning te roep voordat dit te laat is nie.

Deur middel van 3 gelykenisse en 'n vraag oor wie die Seun van Dawid is volgens Psalm 110:1, het Hy baie duidelik aan hulle verklaar dat die Messias wat hulle verwag, reeds in hulle midde is. Nogtans het hulle geweier om Hom as die Christus te aanvaar.

Toe volg die strafrede:

" Weë julle, Skrifgeleerdes, Fariseërs, gefynsdes..."

En dan kan die oordeel nie meer utbly nie. Die Here was oneindig geduldig en lankmoedig met die weerbarstige volk.

Hy sal nie langer toelaat dat sy liefde aanhoudend vertrap word nie.

" Kyk, julle huis word vir julle gelaat."

Wat My huis was, is nou julle s'n. Maak daarmee wat julle wil.

Laat dit maar vir julle 'n skouspel wees van prag en praal. Maar wat My betref, Ek gee pad.

En broeders en susters, daardie tempel was nie sommer maar net 'n geboutjie nie. Dit was massief en oorweldigend. Dit was inderdaat 'n skouspel daar bo op die Sionsberg wat oor Jerusalem uitgetroon het Dit het bv. 84 jaar geneem om die tempel te bou.

Die Joodse geskiedskrywer, Josefus, het 2 eeue nC. Daardie gebou beskryf. Dit was gebou van massiewe marmer-blokke van geel en blou marmer. Sommige blokke was oorgetrek met plate goud.

Verder het die tempelkompleks bestaan uit oorweldigende pilaargange van tot 13 meter hoog. Die verskillende voorhewe het elk sy eie poort gehad.

Die werklike tempel, die heilige en allerheiligste vertrekke was maar 'n klein deeltjie van hierdie geboue-kompleks. Dan praat ons nie eers van al die versierings nie.

Bo alles was die tempel die hart van die hele Joodse volk. Hulle hele bestaan en voortbestaan het rondom die tempel gesentreer.

Maar toe sê Jesus :

" Kyk, julle huis word vir julle gelaat."

En dan doen Hy wat Hy gesê het. Hy stap uit om nooit weer terug te kom nie.

So het die manjifieke tempel wat daardie Dinsdag bo-op die Sionsberg in die son se laaste strale geskitter het, leeg geword, dol leeg. Want die Here was van daardie dag af nie meer daar teenwoordig nie.

2. Maar kom ons kyk verder watdie gevolge gaan wees as die Here die dag uitstap uit sy kerk. Die dissipels het dit blykbaar

beseef. Verslae het hulle agter Jesus aangeloop terug oor die Olyfberg.

Toe hulle terugkyk na die tempelgeboue het hulle sy aandag daarop gevestig. Een van hulle het volgens Markus 13 vir Hom gesê:

" Meester, kyk net watter geboue en watter klippe."

Hy sê dit met die gedagte: " U kan mos nie so 'n gebou verlaat nie !"

Maar dit was finaal. Jesus se antwoord op die aanmerking was skokkend vir hulle:

" Sien julle hierdie dinge? Dit verseker Ek julle: Hier sal nie een klip op die ander bly nie."

Alles sal afgebreek word.

En broeders en susters, dit het gebeur nie eens lank daarna nie. Ongeveer 33 jaar later, op 66 nC, het die Romeine Jerusalem omsingel. In 70 nC is die stad ingeneem. Toe is woord vir woord vervul wat Jesus op daardie Dinsdag gesê het.

Die hele tempelkompleks en 'n gedeelte van Jerusalem is verwoes en verbrand en met die grond gelyk gemaak. En toe weer in 133 nC is die verwoestingwerk finaal afgehandel.

Die verwoesting was so erg dat die Joodse geskiedskrywer daarvan gesê het:

" As iemand die reuse puinhoop so sien, sou hy nooit kon dink dat daar eens 'n stad was waar meer as 'n miljoen mense gebly het nie."

Die Romeine het self die stadsgebied met sout bestrooi sodat niks daar kon groei nie.

Natuurlik, want God was nie meer daar teenwoordig nie. As Hy eers padgee, is die gevolge onbeskryflik. Dan bly daar net afgryslike chaos oor.

Daar word selfs vertel dat tydens die beleg van Jerusalem in 66 - 70 nC die ellende van die Jode binne die stad onbeskryflik was. Onder hulle self was daar boonop naywer, haat en nyd.

Hulle het mekaar uitgemoor, en toe die Romeine die stad uiteindelik binneval, het hulle hulle feitlik voor die voet doodgemaak. Van die meer as miljoen Jode het 'n skrale 160 000 oorgebly. En hulle is oor die destydse bekende wêreld verstrooi.

Van die tempel het net die klaagmuur oorgebly. En bo-op die tempelrommel staan vandag 'n heidense tempel: 'n moskee.

" Kyk, julle huis word vir julle gelaat."

Broeders en susters, as die Here sou padgee uit ons lewens, uit ons kerk en uit ons land, dan bly daar net onbeskryflike ellende oor.

Hierdie optrede van Jesus, toe Hy daardie Dinsdag uit die tempel uitgestap het, is vir ons ook 'n heenwyse na die eindoordeel van God oor die wêreld en die goddelose mensdom.

Hy is oneindig geduldig. Hy stel sy oordeel nog uit maar nie vir altyd nie. Daar kom 'n dag dat daar 'n einde gaan kom aan sy geduld. En die dag is nie ver nie.

Dan sal die goddelose mensdom en die valse kerkmense en skynvromes wat God se liefde vertrap het, besef dat dit te laat is. Vir hulle wat God geken het, maar Hom verloën het, sal dit nog erger wees op die oordeelsdag wat kom.

3. Kom ons kyk derdens hoe hierdie gebeure ons vandag raak. Na regte moes hierdie verskriklike oordeel om deur God verlaat te wees, ons almal getref het.

Met die optrede openbaar Jesus aan ons hoe verrot hierdie sondige wêreld werklik is. En verder hoe verrot godsdienstige kerke kan wees wat voorgee dat hulle kerke van die Here is, maar hulle is dit nie.

Daarom wys Jesus se optrede daardie dag hoe noodsaaklik dit was dat Hy na hierdie wêreld toe moes kom.

Kan ons ons indink wat kon gebeur het as die Here daardie dag nie net gesê het:

"Julle huis word vir julle gelaat " nie, maar: "Kyk julle wêreld word vir julle gelaat ". Sien maar en kom klaar. Ek gaan terug na my Vader toe."

Ek is seker dat enigeen van ons dit dou doen na soveel moeite , miskenning en hartseer as ons in sy skoene gestaan het. 'n Mens wil nie eens dink wat die gevolge sou wees nie. Want dan sou hierdie ganse wêreld een magtige puinhoop gewees het.

Maar Jesus het genadiglik net uit die tempel gestap en nie ook uit die wêreld nie. Sy eintlike taak waarvoor Hy gekom het, moes nog voltooi word.

Drie dae later het Hy aan die kruis op Golgota die hoogste prys betaal as bewys hoe groot God se liefde vir ons is.

Toe het hy die prys vir ons sondes betaal sodat daar in die plek van die ou tempel 'n nuwe tempel gebou kon word. Die keer is dit nie 'n tempel gebou met koue marmer blokke nie.



Maar dit is 'n tempel van warm harte, van lewede mense.  
Mense wat nie meer van selfsug sal verstik nie, maar mense  
wat in nederigheid en dankbaarheid wil lewe tot eer van God.

Hierdie nuwe tempel is die kerk van die Here. Nie die geboue  
nie, maar ons mense wat 'n tuiste vir die Heilige Gees kan  
wees. Na Jesus se opstanding en hemelvaart het die Heilige  
Gees in ons kom woon.

Deur die werk van die Heilige Gees en die Woord word ons  
herskep tot lewende boustene sodat ons in Christus vir God  
'n geestelike huis kan wees. En die Fondament waarop ons  
gebou word, is Jesus Christus.

Daarom plaas Jesus se optrede daardie Dinsdag ook 'n groot  
verantwoordelikheid op ons. Ons moet onself voortdurend  
afvra: Vind die Here ook in my as lewende bousteen 'n  
geestelike tuiste waar sy liefde nie vertrap word nie? Is ons  
as gemeente ook vir Hom 'n geestelike tuiste?

Of moet Hy 'n afspraak maak om so nou en dan 'n plekkie in  
my besige lewe te kry? Hy stel nie daarin belang nie,  
broeders en susters. Vir Hom is dit alles of niks.

Hy wil voluit plek hê in ons persoonlike lewe en verhoudings,  
en in ons volkere verhoudings, in ons geld en werk en  
ontspanning, en veral in ons kerklike samelewing en  
verhouding.

Die bedoeling is dus dat ons konsekwent sal vra na sy wil. En  
nie net na dit wat vir die mense aanvaarbaar is nie, maar na  
dit wat vir Hom aanneemlik en welbehaaglik is.

As dit ons gesindheid is omdat ons op grond van sy liefde en genade sy tempels mag wees, dan sal Hy vir altyd in ons woon totdat Hy kom om ons te kom haal.

As ons sy opdragte het en dit doen omdat ons Hom liefhet, dan sê Jesus:

"... sal Ek en my Vader in julle kom woon, en Ons sal julle liefhê.

Dan sal Hy ons metgesel wees deur alles heen, deur siekte of swaar beproewinge en deur eensame jare van die ouderdom. Hy sal ook daar wees.

En wanneer ons die doodsvallei betree, is Hy daar om ons te begelei sodat ons altyd by Hom sal wees.

Maar as dit nie die geval is nie, dan stap hy uit jou lewe. En die gevolge is 'n afgryslieke ellende.

AMEN

## Die Bediening van Versoening

Ds . H.P.Prinsloo ( Em. Bellville)

Hermanus : 30 Okt.2011

Hervormingdiens

Lees: 2 Kor. 5:11 - 21

Teks: 2 Kor. 5:18 - 20

Sing: Ps 118: 11,12; Skb 9-1:10,11; Ps. 46:1,6; Skb 14-2.

Die groot stryd gedurende die Hervorming, nou ongeveer 500 jaar gelede, tussen die Rooms-Katolieke kerk en die Protestante, het gegaan oor die bediening van die versoening .

As nasate van die Hervormers is dit vandag nog net so noodsaaklik dat ons moet weet wat "Bediening van Versoening", volgens die Woord werklik beteken.

2 Korintiërs 5:11 - 21 handel in besonder oor die bediening van versoening.

Volgens ons teksverse dra die Here deur Paulus dit soos volg aan ons oor:

*"Dit is alles die werk van God. Hy het ons deur Christus met Hom versoen, en aan ons die bediening van versoening toevertrou."*

*"Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het, en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou."*

*"Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeeke julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!"*

Voor ons egter op die betekenis hiervan ingaan, moet ons beseef dat die bediening van versoening ook vir die Rooms-Katolieke Kerk van wesentlike belang was. Die groot twispunt was egter die wyse waarop hulle dit gedoen het.

By die Rooms katolieke kerk het die bediening van versoening veral die vorm aangeneem deur die bediening van die sakramente. Die sakramente was vir hulle die weg waarvolgens die mense weer met God versoen kon word.

Die Sakramente, soos die nagmaal en doop en nog vyf ander sakramente, het dan oor bonatuurlike krag beskik om mense aan wie dit bedien word, weer met God te versoen. As gevolg van die misbruik van sakramente, het hulle egter in afgodery verval.

Die Hervormers het toe, op grond van die Woord van God, teen hierdie skouspelagtige afgodery in opstand gekom. As gevolg van die Roomse Kerk se bediening van versoening, het hulle die versoeningswerk uit die hande van die Here geneem.

Hulle wou die tussengangers wees om deur middel van die magiese kragte van die sakramente God en mens met mekaar te versoen. Ons noem 'n enkele voorbeeld: As 'n baba gebore word, en dit blyk dat die baba gaan sterf, en daar is nie 'n priester byderhand nie, dan moet selfs die verpleegsters die baba doop sodat die pasgebore baba met God versoen kan word. Indien nie, gaan die baba verlore.

Ons moet egter onthou dat die oorspronklike Hervormers aanvanklik ook tot die Rooms Katolieke Kerk behoort het. Maar na indringende Skrifstudie het hulle weggebreek van die dwaling af. Uit die Woord van God het dit vir hulle duidelik geword wat die Here self bedoel met die bediening van versoening.

Om dan te begryp hoe die Hervormers die bediening van versoening volgens die Skrif uitgelê het, moet ons by ons posisie as nasate van die Hervormers begin.

Vir dié doel moet ons onself afvra wat die verantwoordelikheid van elke leraar is as bedienaar van die versoening. Hoe sien ons as leraars

ons opdrag wat ons van die Here ontvang het? Loop ons nog die pad van die Hervorming in die bediening van die Woord?

Daar was by die Hervormers vyf woorde wat gebruik is om die genade wat ons van God ontvang het, mee uit te druk. En die eerste een van hierdie woorde is: Soli deo Gloria. Dit beten:

Deur God alleen. In hierdie preek sal ek nou verder verduidelik wat elkeen van hierdie slagspreuke of solismes beteken.

1. By die Hervormers was daar op grond van die Woord, die Bybel, geen twyfel oor wat die verantwoordelikheid van leraars is nie. Paulus stel dit ook baie duidelik as hy sê:

*"God het aan ons die bediening van versoening toevertrou."*

Dit beteken dat die leraar primêr 'n boodskapper van God moet wees.

Teenoor die Roomse priester wat deur saktamentbediening versoening met God wou bewerkstellig, is 'n leraar bloot 'n boodskapper van God wat die versoening wat van die Here af kom, in die wêreld moet verkondig.

Paulus beklemtoon dit in vers 18 met die woorde:

*"Dit alles is die werk van God."*

Die hele versoeningsplan tussen God en die mens kom net van Hom af. Die mens het geen aandeel hieraan nie.

Direk na die sondeval in die Paradys, het die Here sy versoeningsplan in werking gestel. Hy het die eerste mensepaar gaan opsoek toe hulle vir Hom weggekruip het.

Trouens, sy versoeningsplan gaan nog baie verder terug soos die Here dit aan ons openbaar in Ef. 1:4 met die woorde:

"So het Hy nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees."

Daarom is die eerste slagspreuk of solisme van die Hervorming: "Soli Deo Gloria". In die boodskap van versoening moet ons God prys vir Sy groot genade, want aan Hom alleen kom die eer toe.

2. Nou moet ons egter verder volgens die Woord ook weet wat versoening werklik beteken.

As ons van versoening praat, dan beteken dit dat daar eers vyandskap tussen twee partye was. Dan is dit ook nodig dat daar 'n bemiddelaar moet wees wat die twee partye weer met mekaar te laat versoen. Die doel is dan om in vrede met mekaar te lewe.

In die versoening wat God met die sondige mensdom bewerk het, het ons met iets van dié aard te doen.

As gevolg van die sondeval van die mensdom in die Paradys het daar vyandskap tussen ons en God gekom. Maar die vyandskap het net van een kant af gekom.

Paulus verwys daarna in Rom. 5:10 en verklaar dat ons vyande van God was. Die mensdom het oorlog teen Hom verklaar. Dwarsdeur hierdie wêreldgeskiedenis beleef ons steeds hierdie vyandskap teen God.

Nogtans het Hy na ons toe gekom om ons met Hom te versoen. Hy het hierdie versoening op 'n buitengewone wyse bewerk. Dit lê in die betekenis van die woord "versoening".

Eerstens lê hierin die gedagte van 'n prys wat betaal moet word, opgesluit.

Ons sien dit bv. in die versoening tussen Jakob en Esau (Gen. 31). Toe Jakob na baie jare weer terug was op pad na Kanaän toe, het Esau hom tegemoet gegaan met 'n groot leermag.

Esau wou Jakob doodmaak omdat Jakob hom bedrieg het, maar toe stuur Jakob groot troppe vee en ander geskenke aan Esau. Hy het dit as 'n versoeningsprys gestuur sodat hulle weer in vrede kan lewe.

Met die Here se versoeningswerk is dit egter anders. Hy het nie van ons verwag om 'n prys te betaal sodat ons met Hom versoen kan raak nie.

Trouens, daar was nie eens by die sondige mensdom 'n gedagte om 'n prys vir versoening met God te betaal nie. Meer nog: ons sou hoegenaamd nie in staat kan wees om hierdie prys te betaal nie.

Toe werk die Here se versoeningsplan so: Hy voorsien self die prys. Dit staan ook in vers 18:

"God het ons deur Christus met Hom versoen."

Jesus Christus het na hierdie wêreld gekom, om deur Sy ménswording in ons plek, die prys te word, m.a.w. Hy moes uiteindelik betaal met sy bloed, om vir ons as mense, versoening met God te bewerk.

Kan ons ooit besef hoe geweldig hierdie prys was en is? Dink hieraan: Jesus Christus wat self God is in sy heerlijkheid en majesteit het Homself verneder om as mens gebore te word, behalwe dat Hy nie vol sonde was soos gewone mense nie.

Meer nog, hy het Homself verneder om 'n slaaf van mense te word deur ons sondes op Hom te neem.

Die ergste is dat Hy mens moes word om die oordeel van God wat vir ons bedoel was op Hom te neem.

Dink daaraan hoe Hy tydens sy hele verblyf op aarde verneder en misken was .

En dan veral toe Hy Homself as 'n gevangene oorgegee het aan sy vyande, die mensdom wat Hom so haat.

Toe het selfs hulle wat die naaste aan Hom was, sy dissipels, Hom ook verlaat. Wie kan ooit besef hoé verskriklik sy lyding was, hoé Hy bespot is, gegésel is en op die ou end, hoewel onskuldig, aan die marteling van die kruisdood oorgelewer is. Die wêreld het Hom verwerp.

Maar die ergste was toe sy Vader Hom verlaat het. Die verskriklike oordeel van Godverlatenheid het Hy in ons plek op Hom geneem.

Hy moes ook die doodstraf van God wat vir ons bedoel was, op Hom neem, toe Hy Homself aan die dood oorgegee het en begrawe is.

Dit is die prys wat Hy betaal het om ons weer met God te versoen. Maar Hy het as Oorwinnaar uit die dood opgestaan.

Ook sy oorwinning oor die dood, is vir ons van besondere betekenis in ons versoening met God. In vers 17 word ons verseker dat iemand wat aan Christus behoort, nou 'n nuwe mens is. Die oue is verby.

Letterlik staan hier dat die mens wat met God versoen is, 'n nuwe skepsel is. So 'n persoon is dus herskep. Die woord wat hier vir "nuut" gebruik word, beteken eintlik "nuut in wese".

Dit wil sê: Hierdie nuwe mense is mense wat nog nooit bestaan het nie. Die rede is dat die oue verby is.

Ons ou sondige menswees wat in sonde dood was, bestaan nie meer nie. Hy het saam met Christus aan die kruis gesterf. Maar ons het as totaal nuwe mense ook met Christus uit die dood opgestaan tot 'n nuwe lewe. Ons is weer gebore.

In 1 Joh. 3:14 lees ons:

"Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief."



Die duur prys wat Christus betaal het, is volkome en volmaak. Daarom is die slagspreuk van die Hervorming ook: "Solo Christo". Dit is: deur Christus alleen.

Die bediening van die versoening verkondig aan ons dat God ons as nuwe mense deur Christus alleen met Hom versoen het. Deur Christus alleen het ons nou vrye toegang tot ons Hemelse Vader.

3. Maar die betekenis van versoening hou nie hier op nie. Deur die boodskap van versoening word ons wel weergebore tot nuwe mense. Petrus sê dit in 1 Petrus 1:23:

"Julle is weergebore uit onverganklike saad; die lewende en ewige Woord van God."

Maar nou moet weergebore mense ook groei om al meer en meer soos nuwe mense te lewe. Ons moet na die beeld van Christus vernuwe word.

Dit is ook die werk van God. Daarom het God, die Heilige Gees, op Pinkster gekom om in ons te woon. Die Heilige Gees werk deur die versoeningsboodskap in ons sodat ons soos vervat in Efesiërs 4:13 dit gestel word:.... "kan opgroei tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons soos 'n volgroeiende mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus."

"Ons lewe deur die Gees. Laat die Gees ook nou ons gedrag bepaal." (Gal. 5:25).

Die Heilige Gees is die eintlike Bedienaar van die versoening. Daarom staan daar by elkeen van die briewe aan die 7 gemeentes volgens Openbaring 2 en 3 : "Elkeen wat hoor moet luister wat die Gees aan die gemeentes sê."

Natuurlik maak die Here van mense gebruik om die boodskap van versoening te verkondig. Daarom verklaar Paulus ook in vers 19: "Die boodskap van versoening het God aan ons toevertrou."

Die Here maak dus van mense gebruik wat Hy daartoe geroep het om die versoeningsboodskap aan ander te bedien.

Daarom praat ons ook van bedienaars van die Woord. Die woord "bedienaar " was destyds ook van toepassing op 'n tafelbediende. Dit was 'n baie nederige werk.

In ons tyd kan ons dit vergelyk met die werk van 'n kelner in 'n restaurant wat gaste moet bedien.

'n Bedienaar van die Woord berei nie self die versoeningskos wat hy moet bedien voor nie. Dit is alles die werk van God, die Heilige Gees. Hy is die eintlike Kok wat die versoeningskos voorberei. Van die bedienaar van die Woord word verwag om die versoeningsboodskap onvervals te bedien.

Ons kan dus nog 'n solisme of slagspreuk by die vyf voeg wat hulle oorsprong uit die Hervorming het. En die slagspreuk is: "Solo Satra Spirito". Deur die Heilige Gees alleen.

3. Dit bring ons vierdens by die boodskap van versoening, waarna Paulus in vers 19 verwys. Die Boodskap van versoening is die hele Woord van God.

Die hele Woord moet aan mense bedien word. Oor die besondere betekenis van die Woord staan daar in 2 Tim. 3:16 geskryf:

"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die mens wat in diens van God staan volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk."

Die Woord van God, die blye Boodskap van versoening is die krag van God tot redding vir elkeen wat glo. ( Rom. 1:16). Daarom is die vierde slagspreuk uit die Hervorming:

"Sola Sacria Scriptura."

Dit is: Alleen op grond van die Heilige Skrif word ons met God versoen.

5. Volgens vers 20 word daar verder tot ons wat luister na die boodskap van versoening 'n besondere versoek gerig. Paulus skryf soos volg:

"Ons smeek julle namens Christus: aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het."

Om hierdie versoeningsboodskap te aanvaar, beteken dat ons onvoorwaardelik sal glo dat God ons deur Christus met Hom versoen het.

Geloof is iets anders. Geloof is die kanaal waardeur God sy versoeningsboodskap in ons lewens uitstort. Sonder geloof is daar geen sprake van versoening met Hom nie.

Om te glo is nie 'n prestasie van ons kant af nie. Geloof is ook die werk van God. Hy skenk aan ons die gawe om te kan glo. Die Woord getuig hiervan volgens Efesiërs 2:8.

"Julle is inderdaad uit genade gered deur die geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie. Dit is 'n gawe van God."

Daarom is die vyfde slagspreuk uit die hervorming: "Sola Fide." Op grond van die geloof alleen ontvang ons die genade om met God versoen te wees.

6. Om te glo is nie net om te bely dat jy glo nie. Geloof moet ook belewe word. Ons moet soos ware gelowiges lewe. Paulus se versoek in vers 20:

"Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het," beteken ook: "Lewe soos mense wat met God versoen is."

Die Here het ook in sy Woord aan ons die opdragte gegee oor hoe ons wat met Hom versoen is, moet lewe. Ons hele lewenswyse en daade moet van innige dankbaarheid teenoor God getuig. Daarom gee Hy ons die opdrag in Filip. 2: 12,13:

"Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om soos verlostes te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer".

Ook hier geld die woorde van vers 18:

"Dit alles is die werk van God."

Die gevolgtrekking waartoe ons kom met die bediening van versoening is dan: Alles is net genade.

Om nuwe mense te wees, weergebore uit die sondedood, is net genade. Daarom is die laaste slagspreuk uit die Hervorming "Sola Gratia". Dit is: Uit genade alleen.

Dit alles is die boodskap van versoening wat nog steeds deur bedienaars verkondig moet word. Alles is die werk van God. Alles is net genade.

"Want kyk net watter liefde ons Hemelse Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God. En ons is dit ook. Ons is nou reeds kinders van God, deur Hom, en met Hom versoen.

Ons lewens is nou en tot in ewigheid in Sy hande. Dit is nie ons wat Hom eerste liefgehad het nie. Hy het ons eerste liefgehad.

Daarom kan elkeen van ons opreg bely: Ek wil ek nou met God volgens sy wil die lewenspad loop wat Hy vir ons berei na ons ewige bestemming.

Ek wil lewe tot eer van die Here. Ek wil sy lof besing: Want uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid.

AMEN.

Die Here se ultimatum: "Bekeer julle! Of..."Ds HP Prinsloo (em Bellville)Kleinmond: 10/10/2010Lees: Jeremia: 25: 1-14Teks: Jeremia: 25: 8-12Sing: Ps 89: 1,6    Ps 38:1    Ps 81: 3,14,15    Skb 15-7:2,4

" Drie-en twintig jaar lank het die Woord van die Here tot my gekom. Ek het vroeg en laat met julle gepraat, maar julle het nie geluister nie."

Op hierdie tragiese noot het Jeremia sy afskeidspraak in Jerusalem begin. Dit was in die vierde regeringsjaar van koning Jojakim.

In dieselfde jaar het 'n besondere opdrag van die Here gekom. Baruk, die skrywer, moes al Jeremia se preke in 'n boekrol opteken. Die preke is toe aan koning Jojakim gegee om te lees.

Maar hy het teenoor hierdie profesie so kwaad geword dat hy as'ware bladsy vir bladsy in die vuur verbrand het. Baruk moes alles weer oorskryf in 'n boekrol.

Jeremia egter, is in die tronk gegooi. Hy mag nooit weer in die openbaar verkondig wat die Here sê nie.

Tog het hy wel die Woord van die Here in die gevangenis verkondig. Die hoorders was egter net die koning en die amptenare.

Die gevolg daarvan dat hy aanhou verkondig het, was dat hy in 'n modderput gegooi is om van honger te sterf. Genadiglik is hy egter daaruit gered.

Vir Jeremia was daar geen vrug en geen vreugde in sy werk as profeet wat deur die Here gestuur is nie, wantons hoor aanhoudend wat hy sê:

" Julle wou nie luister nie! "

" Julle het nie geluister nie! "

Ons hoor hierdie refryn by herhaling in die gedeelte:

U weet, daar is niks wat 'n mens so moedeloos kan maak, en geestelik kan uitput, as mense wat nie wil luister na die waarheid nie.

En dit geld veral in die roeping van 'n profeet van die Here soos Jeremia. Hy het sy volk immers liefgehad. Maar die Here het ook aan hom bekend gemaak wat die gevolge gaan wees as die koning en volk hulle nie bekeer nie.

Daarom was die kernboodskap van Jeremia se profesie:

" Bekeer julle:"

Op allerande maniere: deur reguit te praat, deur beeldspraak en deur visioene, moes die volk voortdurend hoor:

" Bekeer julle tot die Here!"

Natuurlik is bekering nie maklik nie. Dit beteken om 'n streep te trek deur jou eie selfsugtige ondankbare EK!

Om dan van die ander kant af, kinderlik nederig, met innige dankbaarheid en liefde alleen aan God gehoorsaam te wees.

Nou wonder 'n mens of dit dan die moeite werd was dat Jeremia vir 23 jaar die Woord van God daar verkondig het. Niemand wou tog luister of aandag gee of waardering uitspreek nie!

Tog was dit die moeite werd, want die Woord wat verkondig word keer nooit leeg terug na God toe nie. (Jer 55:11)

As die vrug van die prediking nie bekering en dankbaarheid bring nie, dan bring dit verharding en vyandskap. Elke preek bring jou 'n tree nader aan die hemel of nader aan die hel.

Maar waarom wou die regering en die volk nie luister nie?

Die probleem het beslis nie by Jeremia gelê nie, maar by die verbondsvolk van die Here van daardie tyd self.

Volgens vers 4 het Jeremia gesê:

"Die Here het vroeg -en -laat sy profete na julle gestuur, maar julle het nie geluister nie. Julle het nie eers probeer om te luister nie."

Die feit dat Jeremia nie lankal tou opgegooi het uit pure moedeloosheid nie, was maar net genade. Dit wys vir ons hoe oneindig groot die Here se geduld met sy hardnekkige volk was.

Hulle het nie net die Here getart met hulle afgode aanbidding nie. Hulle het nog verder gegaan. Dit wat hulle moes doen, het hulle ook nagelaat om te doen.



Hulle wou nie luister na die Woord van die Here nie. Trouens, hulle het nie eens probeer om te luister en aan Hom alleen gehoorsaam te wees nie.

Ongehoorsaamheid aan die Here is die enkele groot sonde waardeur ons maklik wegdryf van Hom af.

Ongehoorsaamheid het sy oorsprong in die Paradys toe Adam en Eva aan God ongehoorsaam was. Dit was ook die groot sonde van die verbondsvolk Israel destyds.

Dit bly steeds die groot sonde van die kerkvolk vandag. As elkeen wat hom of haar in die land 'n Christen noem, brand om te luister na wat die Here sê, dan sou al die kerkgeboue te klein wees om vir almal sitplek te gee.

Maar wat beteken ware bekering dan eitlik ?

Wel, dit beteken nie net om te bely dat jy 'n christen is nie. Dit beteken ook nie net dat jy met die sondige praktyke moet gebreek het nie.

Ware bekering se uitstaande kenmerk is gehoorsaamheid alleen. God het dit destyds van sy verbondsvolk geëis. Vir eeue was Hy oneindig geduldig met hulle gewees.

Hulle het egter geweier om aan Hom gehoorsaam te wees. En toe het die Here se eeue-lange geduld teenoor sy volk ook tot 'n einde gekom.

Vanaf vers 8 kom Hy toe met 'n ultimatum, met 'n laaste finale waarskuwing , tot hulle:

" Omdat julle nie geluister het wat Ek gesê het nie, daarom laat Ek my dienaar, koning Nebukadnesar met sy geweldige leermag teen hierdie land en al sy inwoners optrek."

" My opdrag aan hom is om van hierdie land 'n verlate puinhoop te maak."

Hiermee het die Here vir hulle gesê:

" Die groot gevaar uit die Noorde waarteen Ek julle van die begin af gewaarsku het, is nou voor die deur.'

Dit is nogal opvallend dat Jeremia met sy eerste optrede as profeet die volk alreeds gewaarsku het teen die groot gevaar

vanuit die Noorde.

Volgens hfst. 1:14 het die Here vir Jeremia gesê:

" Van die Noorde af gaan EK 'n ramp stuur oor almal wat in hierdie land woon."

Toe was die gevaar nog ver weg en vaag. Maar Juda het hulle nie gesteur aan die dreigende gevaar nie. Inteendeel, hulle het hulle hoegenaamd nie tot die Here bekeer nie.

Maar nou, met sy afskeidspreek, sê Jeremia:

" Die gevaar waarteen julle 23 jaar gelede gewaarsku is, het nou 'n werklikheid geword. Die gevaar het nou 'n naam gekry.

Sy naam is Nebukadnesar, die magtige wêreld diktator voor wie al die volke sidder en beef. Almal weet van Nebukadnesar. Ook hulle in Juda en Jerusaleem.

Die Here noem hom Sy dienaar. Hy gaan hierdie dienaar van Hom as instrument gebruik om ook hierdie ongehoorsame volk van Hom, hulle land en Jerusalem met die banvloek te tref.

Volgens vers 9 (OV) het die Here gesê:

" Ek sal hulle ( Juda) met die banvloek tref en hulle ewige puinhope maak."

Om deur God met die banvloek getref te word, is verskriklik en angswekkend.

Dit wys op totale wreedaardige vernietiging en verwoesting van die land Juda en Jerusalem en al sy inwoners. En die wat oorbly word as bannelinge en slawe weggevoer na 'n vreemde land.

Wat die Here gesê het, gaan gebeur. Tog het Hy met hierdie waarskuwing nog 'n laaste geleentheid gegee. Daarom is hierdie dringende waarskuwing sy ultimatum aan die koning en die volk om hulle te bekeer.

Tog is dit nie die wêrelddiktator wat in beheer is van sake nie, maar God almagtig. Hy noem 'n diktator of 'n koning of 'n president of watter owerheid van watter land ookal:

" My dienaar."

Ook president Zuma en hierdie regering, of hulle wil weet of nie, is 'n dienaar, 'n slaaf van God."

"Ook hulle is My dienaar en niks meer nie," sê die Here.

Vir ons as gelowiges is dit besonder bemoedigend om te weet dat owerhede slegs dienaars van die Here is. Hy gebruik hulle in sy diens met 'n doel. Hy heers immers oor alles en almal.

Omdat Nebukadnesar net dienaar van God is, kon hy net dit doen waartoe die Here hom toegelaat het, en niks meer nie.

As die koning en die volk op die laaste finale waarskuwing met harte vol berou hulle tot God bekeer het, dan moes hierdie dienaar, Nebukadnesar, met sy magtige leer omgedraai het en terug gegaan het na sy land.

Maar die volk met wie God 'n ewige verbond gesluit het, het hulle nie gesteur aan die dringende en finale waarskuwing nie. Hulle, saam met hulle koning, was verhard.

Koning Jojakom het hierdie laaste waarskuwings met soveel minagting bejeen dat hy die boekrol van Jeremia se profesie in die kaggelvuur in sy paleis verbrand het.

'n Klompie jare later, in die negende regeringsjaar van die laaste koning, Sedekia, het die banvloek van God hierdie hardnekkige volk in sy volle glorie getref. En dit was skrikwekkend.

Maar weet u, dit wat so merkwaardig is, is dat die Here nogtans getrou gebly het aan sy verbond met Abraham en sy nageslag. Israel is nie totaal uitgedelg en van die aardbodem af weggevee nie.

Dit het wel met Nebukadnesar en sy magtige ryk gebeur. Volgens vers 12 het die Here gesê:

Ek sal die koning van Babel en daardie nasie straf vir al hulle ongeregthede. Ek sal hulle land vir verwoes laat lê.

Die vraag is nou: Waarom wil die Here vir Nebukadnesar en sy hele volk verdelg. Hy was tog gehoorsaam vir sover dit die ryk van Juda betref.

Ons vind die antwoord in die profesie van Daniël.

Dit was vir Nebukadnesar benede sy waardigheid om net maar 'n dienaar te wees. Hy wou ten alle koste heerser wees. Hy wou self god wees. En dit is die rede waarom daardie magtige Babiloniese Ryk totaal vernietig is.

Daarom kom en gaan koninkryke en diktators en regeerders wat eitlik almal nederige diensknegte van God moet wees, maar dit nie wil wees nie. Dit gebeur nou nog. Dit gebeur ook in Suid-Afrika.

Maar die verbondsvolk, Israel, is egter nie finaal uitgedelg nie. Na 70 jaar van ballingskap het 'n klein res van gelowiges teruggekom om die stad en die tempel weer op te bou.

En uit die nageslag van konings Jojakim. Jojagin en Sedekia is baie eeue later 'n ander koning gebore, naamlik Jesus Christus die Seun van die lewende God. Net soos in die geval van

Nebukadnesar word Hy o.a. in Jes. 42 en 49 die Dienaar van God genoem.

Maar Jesus as dienaar van God is totaal 'n ander dienaar as die diktators en owerhede. Hy wat self God is, het afstand van sy goddelike heerlikheid gedoen. Hy het 'n slaaf van mense geword.

Hy het in 'n nederige dienskneg gestalte na hierdie wêreld gekom om te dien. Deur sy dienende gestalte was Hy volkome gehoorsaam aan sy Vader.

Op sy weg van lyding en kruisiging en dood en opstanding het Hy in die groot oorlog teen Satan en die goddelose wêreld die oorwinning behaal.

Hy het ons wat in die sonde dood moes wees, en vyande van God was, uit genade alleen gered; hy het ons burgers van sy ewige Koninkryk gemaak. Deur volkome vir ons skuld te betaal het Hy ons weer met God versoen.

Hierdie aarde behoort ook nie aan diktators en konings en presidente wat ter wille van hulle eie eer strewe na heersug en mag nie: Nee, hierdie aarde en die volheid daarvan, behoort aan die Here alleen.

Aan Jesus is alle mag in die hemel en op die aarde gegee. Hy is ons Koning en Here. Daarom is wellustige soekers na mag en heerskappy niks meer as net maar dienaars van Hom nie.

Wanneer Hy weer kom, sal Hy alle selfsugtige maghebbers wat nie dienaars wil wees nie, soos Nebukadnesar en sy wêreldryk, van die aarde af wegvee en so vir ewig in die verdoemenis uitwis.

Dit geld ook vir ons as gelowiges hier in Suid Afrika.

Ons troos is egter: as ware gelowiges, wat deur die Heilige Gees tot op die laaste dag bewaar sal word, sal ons nie so totaal aan 'n ongelowige wereldryk uitgelewer word nie. Al gebeur dit dat ons swaar vervolgt sal word. Niks sal ons kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus ons Here is nie.

Maar die vraag is egter: Het ons in ons land in die verlede geluister na wat die Here vir ons gesê het, en dit gedoen? Was en is ons onder alle omstandighede volkome afhanklik van Hom?

U weet, as kerke tydens die vorige regering, het ons wat ons godsdienst betref, 'n bondgenoot in die regering gehad. Op ons aandrang is wette gemaak om ons as Christene te beskerm

Daar was wette teen handeldryf op Sondae. Daar was wette om ons doopbelofte wat die opvoeding van ons kinders betref, te beskerm. Ons het geroem op skole gefundeer op Christelike grondslag.

En so het dit gebeur dat ons op mensgemaakte wette wat ons Christenskap moes beskerm, begin steun het, in plaas van op die Here alleen.

Toe stuur die Here 'n ander dienaar van Hom. 'n Denaar wat ook strewe magsoorheersing. Toe word hierdie krukke van wetgewing

waarop ons vir die behoud van ons christenskap so gesteun het, onder ons uitgeruk.

Dit het 'n storm in ons kerkgemeenskappe veroorsaak. Naarstigtelik moes daar gesoek word na oplossings wat die plekke van die christelike wette moet vervang.

Die herders wat die kudde van God mos lei sodat ons eensgesind kon wees, het met mekaar begin stry oor wat die waarheid is en wat nie

Hulle het met allerande planne van verandering gekom op kerklike werf om die kudde wat al hoe meer begin wegdwaal, tuis te laat voel. En die kudde staan verslae. As die herders onder mekaar stry oor wat die waarheid is, hoe moet die kudde dan weet?

Tog is die oplossing vir ons so eenvoudig. Ware bekering is die antwoord. Terug na die Here toe. Terug na sy Woord. Luister wat Hy sê, en voer sy opdragte uit. Gehoorsaamheid aan God is die enigste vertrekpunt vir ware bekering.

Ook in ons tyd dreig die groot gevaar waarteen die Here ons betyds waarsku. Dit is nie vanuit die Noorde nie, maar wêreldwyd. Die eintlike Nebukadnesar is die Antichris op pad na wêreldoorheersing.

Ons sien hom nog nie, maar ons hoor sy voetstappe. Ook hy is maar net 'n dienaar van God. Juis daarom is die wekroep van die Here: Bekeer julle! Luister al hoe dringender na My Woord.



Mag die Here nooit met 'n versugting ook eendag van ons sê:  
" Ag, as hulle maar net na My raad wou luister en op My Woord  
wou let. As hulle tog maar net wou luister en in die veilige spoor  
van My Wet wou wandel.

Laat ons ons altyd daarvoor inspan om deur die krag wat die  
Heilige Gees ons gee te luister en te doen wat die Here vir ons  
sê. Dan hoef ons nooit bekommerd te wees nie.

Ons ewige bestemming is immers die nuwe hemel en die nuwe  
aarde waar God altyd by ons sal wees en ons by Hom. Ons  
burgerskap is mos reeds by Christus in die hemel.

AMEN

## Die werklikheid van geloof (2)

Ds H.P.Prinsloo (em. Bellville)

Lees: Psalm 27

Teks: Psalm 27:13

Sing: Ps.9: 1,7 Ps 103:2; Skb 12-2:1,4 Ps 68: 9,16

"O, as ek nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie..."

In hierdie teks gaan dit oor geloof. Maar wat is geloof?

Laat ons eerstens sê dat geloof nie iets is wat vaag en onwerklik is nie. Ons moet geloof nie sien as 'n soort mistieke gevoel wat jou bo die aardse dinge laat swewe nie.

Nee, geloof is werklik. Geloof word belewe. Dit is 'n sekere wete. Mense wat glo ervaar geloof as 'n vastigheid en 'n anker in hulle lewens. Trouens ons hele lewe draai om geloof.

Geloof is daardie stewige band waarmee ons elke oomblik aan die Here vas geanker is:

- As ons deur beproewinge geteister word.
- As ons lam raak a.g.v. bekommernis en sorge.
- Of aan die ander kant, as dit besonder goed gaan, en die versoeking kom wat maak dat jy nie meer so afhanklik van die Here is nie, dan is dit juis hierdie geloofsband met die Here wat ons nog op koers kan hou.

Dawid het besef watter besondere rol sy geloof in God in sy lewe gespeel het toe hy volgens Psalm 27 : 13 die volgende stelling gemaak het:

"O, as ek nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie..."

Met hierdie verklaring beklemtoon Dawid watter besondere rol geloof in sy lewe onder alle omstandighede gespeel het.

Hy beklemtoon dit egter op 'n eienaardige wyse - nie positief nie, naamlik :  
 "Ek het geglo dat ek die goedheid van die Here sal sien ; maar negatief:  
 " O, as ek nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien nie."

En dan voltooi hy nie eens die sin nie. Om dit op hierdie manier te stel, beklemtoon hy baie sterk watter besondere rol geloof in ons lewens speel.

Die werklikheid van geloof is vir Dawid só sterk dat hy nie eens vir 'n oomblik daaraan kan dink wat van hom sou geword het as hy soos so baie ander 'n ongelowige moes gewees het nie.

Die gevolge van ongeloof moet so ontsettend wees dat Dawid nie eens kans gesien het om te noem wat die gevolge sou wees nie. Hy wou nie eens aan die gevolge daarvan dink nie.

Dit kom eerder voor asof daar deur hom 'n siddering gaan net by die gedagte dat hy dalk as ongelowige deur hierdie wêreld sou moes gaan.

Hy wou hom dus gladnie in so 'n uiters haglike toestand van ongeloof probeer indink of inleef nie. Daarom voltooi hy ook nie hierdie sin nie.

In hierdie teks voel mens eintlik 'n geweldige spanning aan. Aan die een kant is daar die siddering wat deur jou gaan net by die gedagte dat jy 'n ongelowige kon wees. Maar aan die ander kant die blye sekerheid van geloof wat jou lewe beheers.

En ons wil nou hierop ingaan.

Ons hoor in hierdie teks eerstens die angs en siddering van iemand oor die moontlikheid dat hy dalk 'n ongelowige kon wees. "O, as ek nie geglo het nie..."

As daar in hierdie lewe met al sy hartseer en beproewing, met al sy onrus en onsekerheid nie die geloofsband met God was nie ...

- Toe Dawid aan hierdie moontlikheid van ongeloof gedink het, toe het hy ook terug gekyk op 'n veelbewoë lewe, 'n lewe waarin hy nie net voorspoed geken het nie, maar 'n lewe ook vol gelaai met spanning en onsekerheid, met vervolging en miskenning.

"As ek nie geglo het nie ."

- Toe hy met slegs 'n slingervel sy volk teen die gewapende reus, Goliat moes verdedig.

"As ek nie geglo het nie."

- Toe sy lewe vir Saul niks werd was nie.
- Toe hy vir jare moes vlug en wegkruip.
- Toe daar met duisende soldate aanhoudend op hom jag gemaak is.

" As ek nie geglo het nie."

- Toe sy vertroueling hom verraai het en hy voor sy seun Absalom moes vlug.

Maar ook:

"As ek nie geglo het nie."

- Toe die sondeskuld in hom gebrand het na sy oortreding met Batseba en met sy hoogmoed in die volkstelling. En hy dan nie met ware berou oor sy sonde sy hart voor die Here kon uitstort en gepleit het:

"Ontferm o God, ontferm U tog oor my. Delg tog my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid."

'As ek wat al hierdie ellendes betref, nie geglo het nie..."

D.W.S. As ek onder sulke haaglike omstandighede nie op die Here kon vertou het nie; as ek nie deur geloof geweet het dat Hy getrou en

waaragtig is nie, en nie geweet het dat Hy die anker in my lewe is wat my vashou wanneer die golwe van beproewinge en versoekinge my heen en weer kom slinger het nie. As ek nie geglo het dat Hy in beheer is ook oor al die verdrukings en beproewinge nie.

En dan ,broeders en susters kan ons die lyn verder deurtrek na ons lewens vandag.

- As ons in hierdie lewe sonder God moes wees.
- As ons kinders en jongmense hierdie verwarde wêreld sonder Hom tegemoet moes gaan.
- As ons in hierdie tye van soveel onrus en onsekerheid, van soveel goddeloodheid en dwalinge nie op die Here alleen kon vertrou het nie.
- Ja, en as ons sonder geloof deur die doodsvallei moes gaan.

Voel u die spanning en angs aan in hierdie stelling van Dawid:

"O, as ek nie geglo het nie?"

Die gevolge van die moontlikheid om nie te kan glo nie, is vir ons as ware gelowiges ondenkbaar. 'n Mens kan jou hoegenaamd nie voorstel wat dit moet beteken om sonder geloof deur hierdie lewe te moet gaan nie. En tog is hierdie moontlikheid van ongeloof vir baie wat nie op God vertrou nie, 'n verskriklike werklikheid.

As hierdie ongeloof dan vir ons 'n werklikheid moet wees, dan gaan jy deur hierdie lewe sonder 'n vaste anker. Want jy het niks waaraan jy kan vashou nie.

- Dan bly daar vir jou wat die toekoms betref niks meer oor nie as net 'n totale donker leegheid, 'n hopelose verlorenheid.
- Dan maak jy hierdie doellose leegheid maar vol met wêreldse plesier en skatte. Solank dit met jou nog voorspoedig gaan, vind jy jou vreugde in die tydelike aardse voorspoed; en jy geniet jou lewe op 'n kortstondige wêreldse wyse om die gedagte aan die dood uit jou menswees te verdring.

"Laat ons dan eet en drink en vrolik wees want móre sterf ons."  
Dit is volgens 1 Korintiërs 15 die leuse van die ongelowige.

En hoe groter die ellende in hierdie wêreld word, hoe meer gee die ongelowige hom oor aan die wêreldse genietinge. Dit is sy enigste tydelike anker waaraan hy kan vashou.

Dit is tog merkwaardig hoedat daar in tye van oorloë en onsekerheid goddelose prakryke soos dobbelsale , nagklubs en gesellinklubs soos paddastoele verreis; en dwelms en drankmisbruik onrusbarend toeneem. Ons belewe dit nogal deesdae in ons land.

"O, as ek nie geglo het nie ..."  
Dit moet verskriklik wees.

Maar vir Dawid was so 'n ongeloof net maar 'n moontlikheid waaraan hy met siddering gedink het. Dit sou vir hom 'n werklikheid gewees het, as die Here hom nie uit genade alleen in sy troue beskerming opgeneem het nie.

Deur die moontlikheid van ongeloof beklemtoon Dawid die werklikheid van geloof wat 'n besondere genadegawe van God is.

En soos Dawid dink ons as gelowiges ook daaraan hoe skrikwekkend dit sou wees as ons in hierdie deurmekaar wêreld ongelowiges sou wees; d.w.s. as dit nie vir die Here se liefde en genade was dat ons waarlik opreg kan glo nie.

Ja, as dit nie was dat Christus as gevolg van ons sonde en ongeloof mens geword het en Hom met ons vereenselwig het nie.

As Hy nie vanweë ons ongeloof in ons plek gely en gesterf het nie. As Hy ons nie met God ons Vader versoen het nie. Dan was ons totaal verlore.

Maar Hy het deur Sy kruisverdienste en opstanding uit die dood vir ons die pad na God oopgemaak.

En na Sy hemelvaart het die Heilige Gees gekom. Hy het deur die woord ons herskep om wedergebore kinders van God te wees. Ons is immers weergebore deur die lewende en ewige Woord van God ( 1 Petr. 1:23)

Die Heilige Gees het aan ons die gawe gegee om te glo.

"Niemand kan sê : Jesus is die Here nie, behalwe deur die Heilige Gees ". ( 1 Kor. 12:3)

"En hieraan ken ons die Gees van God: Elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is."( 1 Joh. 4:2).

Dit is dan ook op grond van die Here se genade dat Dawid eintlik in die onvoltooide sin kan bely:

"Ek glo dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes."

In die plek van ongeloof het geloof gekom. En om waarlik opreg te glo, is vir ons 'n kosbare werklikheid, want dit het niks minder gekos as Jesus se ontsettende lyding en sterwe aan die kruis nie.

Dit het niks minder gekos as die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster nie. So sê Paulus in 1 Kor 2 : 4:

"Die boodskap wat ek verkondig , het julle oortuig, nie deur geleerdheid of welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God."

Deur hierdie geloof word ons verseker dat ons vrygespreek is van al ons sondeskuld, en dat ons die ewige lewe ontvang het, om nou al kinders van God te wees.

Hierdie geloof verseker ons dat God vir ons is, en dat niks teen ons kan wees nie. Verder verseker hierdie geloof aan ons dat alles vir ons wat op die Here vertrou ten goede sal meewerk. (Rom.8 : 28)

Daarom is Psalm 27 by uitstek 'n jubelende geloofslied.

Die werklikheid van geloof laat ons selfs in onrustige tye saam met Dawid sing:

"Die Here is my lig en my heil. Vir wie sal ek vrees.

Die Here is die toevlug in my lewe. Vir wie sal ek vervaard wees."

Deur die werklikheid van geloof in tye van kommer en angs en droefheid is God vir ons 'n toevlug, 'n vesting, 'n ommuurde stad.

Daarom verklaar Dawid ook dat selfs sy vader en moeder nie vir hom kan wees wat God vir hom is nie. Want al verlaat hulle hom ( deur die dood miskien), weet hy: God het hom aangeneem.

Ek glo!

Hierdie geloof is die krag wat die wêreld oorwin. Daarom kan die aanslae maar kom ; die wêreld met sy malle gejaag na nêrens. Die terugslae, teëspoede, siekte, ouderdom en selfs die dood.

Want op grond van hierdie geloof weet ons dat alles onder die Here se beheer is.

Maar Psalm 27 laat ons ook duidelik verstaan dat ons onder alle omstandighede God se hulp nie sommer as vanselfsprekend moet aanvaar nie. Hierdie Psalm is ook 'n ootmoedige smeekgebed..

In die eerste gedeelte, vss. 1 - 6 , kon Dawid gelowig jubel:

"Die Here is my lig en my heil."

Maar in die tweede gedeelte ( vers 7 - 12 ) worstel hy gelowig met die Here in gebed. Ja, hy worstel selfs met die moontlikheid van ongeloof.



"Ek glo Here, maar glo ek werklik?"

"Hoor, o Here, ek roep hard, wees my tog genadig en antwoord my.  
Verberg U aangesig nie vir my nie."

Die gelowige is alleen sterk in die Here. Maar as hy aan homself oorgelaat sou word, dan bly daar net 'n barre hulpeloosheid oor.

Die ware geloof moet jou laat beseef dat jy nooit op jouself en eie kragte kan staatmaak nie.

'n Ware geloof laat jou word soos 'n klein afhanklike kindjie, volkome afhanklik van God.

Vir selfverheffing, hoogmoed, eie eer, is daar geen plek in 'n ware geloof nie.

Daarom, al laat 'n opregte geloof jou uitbreek in geloofsjubel soos Dawid in vers 1 - 6, bring die geloof jou ter selfdertyd op jou knieë, tot 'n ootmoedige smeekbed voor God soos in verse 7 - 12.

So lyk 'n opregte geloof dan:

- Dit is deur so 'n geloof dat ons dwarsdeur beproewinge en onsekerheid staande gehou word.
- Deur hierdie geloof sien ons nieteenstaande negatiewe afbrekende gebeure steeds die goedheid van die Here.
- Deur die geloof is God vir ons die bron van ons hoop op die koms van ons Here Jesus Christus.
- Ons het 'n sekere helder toekoms: want die geloof verdryf die duisternis en onsekerheid oor ons toekoms.
- Deur die geloof is ons deur die Heilige Gees verseker dat die Here se laaste beloftes weldra op Sy tyd vervul sal word naamlik die nuwe

hemel en nuwe aarde waar God vir altyd by ons sal wees en ons by Hom om Hom ewig te loof en te prys. ( Ef. 1 : 14 )

Daarom kry ons op grond van die geloof ook 'n opdrag van die Here:  
"Wag op die Here en wees sterk".

Ja, wag op Hom met 'n jubelende geloofslied in die hart en met 'n ootmoedige smeekgebed op die lippe.

AMEN

Herlewing kom alleen deur die Woord en die Gees.

Ds. HP Prinsloo ( em. Bellville)

Hermanus( 25/09/2011)

Lees: Esegïël 37: 1 - 14

Teks: Es. 37:4 - 10

Sing: Ps. 43 : 3,4: Ps 1:1 ; Ps 89:6,7; Ps 92: 3,6

Die afgelope tye hoor ons telkemale merkwaardige gerugte van die wonderbaarlike opkoms en herlewing van die Christendom in vyandige Oosterse lande. In Sjina word die aantal Christene op 13 miljoen geskat. En die getalle neem daagliks toe .

Dit geld onder andere vir lande soos Indië, Pakistan, selfs Irak en tot 'n groot mate ook in Korea. Oral vind daar 'n ontwaking van die Christendom plaas.

Ons hoor ook van die groot entoesiasme onder daardie Christene, nieteenstaande vervolging.

Daar word vertel dat tien duisende Christene toue staan om verskillende dienste by te woon.

Dit vervul ons harte met ongekende vreugde. In hierdie vroeëre, totale heidenlande, is die Here besig om deur sy Gees en Woord miljoene tot ware bekering en geloof in Hom te bring.

Maar aan die ander kant maak dit ons jaloers as ons na ons eie situasie as Christene in ons eie gemeente, en ons land, en in die westerse wêreld, kyk.

Die Christendom is inderdaad besig om in die weste wat vroeër die bakermat van die Christendom was, te kwyn en selfs uit te sterf.

Maar wat is die oorsaak? En wat moet ons doen om 'n totale afval in ons kerke te keer?

Die Here gee vir ons die antwoord in Esegïel 37:1 - 14, en in besonder in verse 4 - 10. Die gesig wat Esegïel daardie dag gesien het, is inderdaad vandag besig om in die oosterse lande plaas te vind. Maar met die onverskilligheid in ons westerse wêreld, moet dit tog ook op ons van toepassing wees.

Vir Esegïel moes dit seker 'n afgryslieke gesig gewees het wat die Here hom laat sien het:

Gelei deur die Gees het die Here hom by 'n groot laagte gebring. Die laagte het soos 'n ontsettende slagveld gelyk.

Daar moes 'n geweldige veldslag plaasgevind het. Die hele groot laagte was met geraamtes oordek. Wat nog erger was, is dat die geraamtes nie eens as geheel behoue gebly het nie. Al die beendere het deurmekaar verstrooi en verdor oor die hele laagte gelê.

Daar was geen teken van lewe nie. In daardie doodsvallei kon net die aaklige stilte van die dood gehoor word.

Dit wat Esegïel hier gesien het, was volgens vers 11, simbool van die totale verlorenheid en doodsheid van die hele volk Israel tydens ballingskap.

Volgens Esegïel 14 en 15 en verder, word Juda en Israel in besonder hiermee uitgebeeld.

Die hele Israel as volk van God was totaal verlore. Die feit dat hier herhaaldelik verwys word na beendere wat uitgedroog en verdor is, beklemtoon die totale doodsheid van die volk.

Ons kan sê dat Israel opgehou het om as uitverkore volk van God te bestaan. Net 'n wonder van die Here se herskeppende almag en genade kan weer lewe uit die dood bring.

Maar hierdie afgryslieke beeld van totale doodsheid, is nie net op Israel alleen van toepassing nie. Dit beeld ook die skrikwekkende

doodstoestand van die ganse mensdom op aarde uit. Dit is die mensdom wat in die sonde dood is, soos dit trouens ook vir baie eeue in die oosterse lande die geval was, en nou ook hier by ons besig is om te gebeur.

Maar die Here wil vir ons met hierdie vreeslike beeld nie net uitbeeld hoe totaal verlore en dood die mensdom se lewensbestaan op aarde is as gevolg van die sonde nie.

Nee, Hy wil ons juis hiermee bring by die wonder van Sy herskeppende almag soos ons dit ook uit die Oosterse lande verneem. En nou moet ons goed daarop let hóé die Here te werk gaan om weer lewe uit die dood te wek.

Die Here het aan Esegïël die opdrag gegee en gesê:  
 "Tree op as profeet vir hierdie bene en sê vir hulle:  
 Hoor die Woord van die Here, droë bene."

Esegïël moet waar daar geen sprake van lewe is nie, die Woord van God verkondig.

Hiermee kom ons te staan by die werklike rede of oorsaak vir die doodsheid wat daar reeds in ons kerke landswyd en oor die hele Weste besig is om in te tree. As die Woord van God nie meer in sy volle waarheid verkondig word aan oud en jonk nie, dan sterf kerke.

Al ons menslike pogings en planne om kerke te laat herlewe en om kerke veral vir ons jong mense aantreklik te maak, is gedoem tot mislukking. Die Woord alleen wek lewe, 'n wedergebore lewe, selfs waar daar van geen lewe sprake is nie. Dit moet volledig, in waarheid verkondig word: "Julle is weergebore deur onverganklike saad. En dit is die lewende en ewige Woord van God," lees ons in 1 Petr. 1: 23.

Paulus sê in Romeine 10:

" Hoe kan 'n mens die Here aanroep as jy nie in Hom glo nie? Hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie?

Hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek?

Hoe kan iemand preek as Hy nie gestuur is nie?

Die geloof kom dus deur die prediking wat mens hoor.

*En die prediking wat ons hoor is die verkondiging van Christus."*

In vers 3 beklemtoon die Here egter die mens se onvermoë om lewe uit die dood te wek met die vraag:

" Mensekind, kan hierdie bene weer lewendig word?"

Kan jy, Esegïel, aan 'n plan dink om hierdie dor en verstrooide geraamtes weer te laat herlewe?

Al wat Esegïel hierop kon antwoord is:

" Nee, dit weet net U, Here, my God."

Menslik gesproke is dit onmoontlik om wat dood is, weer lewendig te maak. Dit is onmoontlik om deur mens-uitgedinkte planne en vernuf 'n kerk wat aan die doodgaan is, weer te laat herlewe.

" Net U weet dit, Here, my God." So het Esegïel gesê.

Die Here vra ook vir ons in hierdie tye waar daar soveel kommer bestaan oor kerke wat besig is om leeg te loop:

" Kan daar weer lewe kom?

Kan jy as mens wat in die sonde dood is uit eie krag en vernuf 'n nuwe mens word?

Kan ons as kerke met al ons menslike planne en pogings 'n lewende kerk van die Here word? 'n Kerk wat werklik 'n lig is wat skyn in 'n donker wêreld wat in die sonde dood is?

Wat sal ons antwoord dan wees?

Let egter goed daarop dat daar net een antwoord is:

" Net u weet dit, Here ons God."

Dit wat vir ons in eie krag onmoontlik is, is nooit vir die Here onmoontlik nie. Want in dit wat verder volgens hierdie teksgedeelte bekend gemaak word, laat ons met verbasing staan voor die herskeppende almag van die Woord.

Die dooie, dor, verstrooide geraamtes van die mense word deur die verkondiging van die Woord weer lewendig gemaak.  
'n Merkwaardige wonder het plaasgevind.

Volgens vers 7 sê Esegïel:

" Ek het toe as profeet opgetree soos ek beveel is."

M.a.w. , ek het toe begin om in opdrag van die Here sy Woord te verkondig.

En toe, op grond van die Woord wat hy verkondig het, het daar 'n merkwaardige wonder voor sy oë begin plaasvind.

Eers moes Esegïel vir die geraamtes sê wat die Here gaan doen.

" Ek sal vir julle senings en vleis aansit en julle met vel oortrek. Dan sal Ek gees in julle gee sodat julle kan lewe."

Die herlewing wat plaasgevind het, is eintlik met 'n dubbel aksie deur die Here bewerk, en die Woord en die Gees is by hierdie herlewing betrokke.

Daar vind eerstens deur die krag van die Woord 'n liggaamlike herlewing plaas. In die visioen hoor en sien Esegïel hoe die grafstilte verbreek word.

Eers sag, maar dan 'n gedreun wat harder en harder word, soos die bene wat bymekaar hoort, weer na mekaar toe kom.

Volledige geraamtes word gevorm. Dan kom daar vleis oor elke geraamte. En 'n vel word oor elkeen getrek. Die vallei, eens vol doodsbeendere, word nou vol van mense.

'n Kerk vol geraamtes waarvan die name nog net op die lidmaatregister bestaan het, word deur die lewewekkende krag van die Woord weer vol mense.

Maar daar kort nog iets. 'n Gemeente kan nie net bestaan uit 'n sosiale gemeenskap van mense nie. Want so 'n gemeente is nog steeds dood.

Dit bring ons by die tweede aksie:

Die noodsaaklikheid van die lewemakende Gees.

Esegiël kry die oopdrag van die Here om met die Gees te praat.

" Kom uit die vier windstreke, Gees, en blaas in hierdie dooies dat hulle kan lewe."

En nou gebeur die wonder. Die uitwendige liggame kry innerlike lewenskrag.

U weet. Dit wat voor Esegiël se oë gebeur het, is eintlik 'n herhaling van die skepping van die mens volgens Gen. 2:7, naamlik:

" ...en die Here God het toe uit die stof van die aarde die mens gevorm en lewensasem in sy neus geblaas sodat die mens 'n lewende wese geword het."

Dieselfde gebeur met die herskepping van die mens wat in die sonde dood is. Deur die Woord en die Gees word hy na liggaam en siel herskep.

Maar hiermee is die proses van herskepping van die mens nie afgehandel nie. Volgens vers 10 sien Esegiël dat hierdie menigte wat herlewe het, regop staan. En dit was 'n geweldige groot menigte.

Esegiël sien hulle hier as 'n groot leermag, as soldate. Hierdie groot menigte is die Here se soldate op aarde. Dit is immers Sy doel met die herskepping van Sy kerk op aarde.



Hy wil nie 'n kerk vol geraamtes hê nie. Hy soek nie 'n kerk vol lewende lyke, mense van vlees en bloed nie, mense in wie daar geen lewende gees is nie.

Nee, Sy doel met hierdie wonderbaarlike herskepping deur sy Woord en Gees, is dat ons Sy strydende kerk op aarde sal wees. Sy leermag wat die volle wapenrusting wat Hy ons gee, sal aantrek.

Hy herskep sy kerk sodat ons deur die krag van die Woord en Gees teen die verderflike invloed van die sonde en die duiwel sal stry en oorwin.

Hy herskep sy kerk sodat ons sy getuies in hierdie wêreld sal wees. Die goddelose wêreld moet weet dat die Here alleen God is, dat Hý almagtig is en alleen aanbid en gedien moet word.

Maar laat ons nou verder kyk hoe hierdie profesie vervul is en nog steeds vervul word.

Die voorlopige vervulling hiervan is die wonderbaarlike terugkeer van die volk Israel uit ballingskap. Hoewel dit maar 'n klein groepie uit die hele Israel was wat terug gekeer het, tref hulle godsdienstige herlewing ook vir ons soos dit in Nehemia opgeteken is.

Maar die werklike vervulling hiervan het begin plaasvind met die koms van Christus na hierdie sondedood wêreld.

Deur sy menswording, sy lyde en sterwe aan die kruis, het ons wat in die sonde dood was, saam met Hom gesterf.

En met sy opstanding uit die dood het ons saam met Hom opgestaan uit die doodsbestaan tot 'n nuwe lewe, die ewige lewe.

Jesus Christus self is immers die inhoud van God se Woord. Trouens, Hy is self die Woord wat aan ons verkondig word en ook deur ons verkondig moet word.

Hy is die Woord deur Wie ons weergebore is en uit genade vrygespreek is van al ons sondes.

Maar hierdie blye boodskap van herlewing uit die dood deur Jesus Christus sou geen effek op ons gehad het as die Heilige Gees nie ook op Pinkster uitgestort is nie.

Esegiël moes ook as profeet in opdrag van die Here met die Gees praat en sê:

" Kom uit die vier windstreke, Gees, en blaas in hierdie dooies dat hulle kan lewe."

Dit wys profeties heen na Pinkster met die uitstorting van die Heilige Gees.

Ook kan die Woord, naamlik Jesus Christus, en Pinkster , naamlik die Heilige Gees, nooit van mekaar losmaak nie.

Die Woord en die Gees werk saam tot die herskepping van die mens wat in die sonde dood is.

Daarom het hierdie profesie ten volle in vervulling begin gaan toe die Heilige Gees op Pinkster uitgestort is. Eers toe het die wonder van herlewing uit die dood, 'n wêreldwye werklikheid begin word.

Toe Petrus op daardie dag, die Woord, Jesus Christus verkondig het, het daar deur die krag van die Woord en die Gees, 3000 mense uit die sondedood herlewe.

Die Pinksterwonder is steeds besig om deur die verkondiging van die Woord vervul te word. Dit gebeur in besonder in die lande in die Ooste. Duisende kom daaglik tot bekering en is vervul met die Heilige Gees.

Dit wat daar gebeur, behoort ons as Christene in ons land tot selfondersoek te bring. Ons lewe ook in gevaarlike tye waarin die aanslag teen die voortbestaan van ons geloof in God Drie-enig al groter word.

Wat ons kinders en kleinkinders en jongmense betref, is daar nie meer sprake van 'n christelike opvoeding in ons skole en universiteite nie. Selfs wat ons katekisasie betref en die verantwoordelikheid van elke ouer, is soms maar verwater tot amper niks. Verder sit ons met 'n grondwet wat alle godsdienste op 'n gelyke vlak plaas.

Ons word ook blootgestel aan valse godsdienste soos bv die Nuwe Hervorming wat 'n valse Christus verkondig.

Talle jongmense kla dat hulle geen tuiste in ons kerke vind nie. Hulle soek ander weivelde. En na 'n rukkie word hulle ook daarmee verveeld, sodat ons dikwels al hoor:

" Ag nee wat, ek glo glad nie meer nie!"

Wat moet ons dan doen? Waar moet ons begin? Daar is net een antwoord:

Keer terug na die Woord en die Gees toe. En hiermee moet ons in ons huisgesinne begin.

Ouers moet hulle doopbelofte nakom en onder leiding van die Heilige Gees hulle kinders elke dag uit die Woord onderrig. Ook ons as ouer mense en bejaardes het 'n groot verantwoordelikheid met betrekking tot ons kinders en kleinkinders.

Soos in Hosea se tyd, volgens Hos. 4:8, kan ons nie anders nie as om te sê:

" My volk gaan ten gronde vanweë 'n gebrek aan kennis."

Ouers behoort ook wat hulle kerklike meelewing betref, vir hulle kinders 'n voorbeeld te wees en by hulle die regte gesindheid te kweek. Maar dan moet ons, almal wat geroep is om leraars te wees, onself ondersoek en vra:

" Wat maak ek met die boodskap wat die Here van my verwag om te verkondig?

Is ek biddend besig om onder leiding van die Heilige Gees die Woord in liefde en volle waarheid te verkondig?"

Want alleen as ons, soos Paulus dit in Efesiërs 4 sê, in liefde by die waarheid bly, sal ons opgroei na Christus toe. En ons sal uit Hom groei as sy liggaam, sy gemeente, waarvan Hy ons hoof is.

Deur die Woord en die Gees word ons immers voortdurend herskep tot 'n nuwe lewe, 'n lewe aan God gewy. Deur die Woord en die Gees sal ons staande bly en oorwinnaars wees in Christus Jesus ons Here.

Deur die Woord en die Gees sal ons bewaar bly tot op die dag wanneer die Here weer kom.

Dan sal die profesie van Esegïel 37 volkome vervul word. Op daardie dag sal ook ons liggame uit die dood opstaan en weer met ons siele verenig word.

Dan sal ons as triomferende kerk ons Here tegemoet gaan om altyd by Hom te wees as Sy kerkvolk. En Hy sal by ons wees as óns God op die nuwe hemel en die nuwe aarde.

AMEN